# DIE FYN ONDERSKEID TUSSEN VOORTREKKERS EN TREKBOERE

**J.C. Visagie**
*Departement Geskiedenis*
*Universiteit van Stellenbosch*
*Privaatsak X1*
*7602 Matieland*

**The delicate distinction between Voortrekkers and Trekboers**

On 5 December 1834 white Afrikaner farmers on the northern boundary of the Cape Colony, which roughly corresponds to the present day Colesberg district and environment, addressed a letter to the Cape Governor, Sir Benjamin D'Urban. They pointed out that they did not own any land and maintained that if the government were not prepared to allow their occupation of land north of the Orange River, they would be forced to sever ties with the Government and the Colony and take up residence to the north of the river where they, inevitably, would be independent from the British government. In search of pasturage, these farmers, who admitted to regular migrations, moved for longer periods of time to the north of the Orange River where some of them settled semi-permanently. This article demonstrates that, despite the well-known differences in motives and loyalty between the "Voortrekkers" and the "trekboers", the distinction between the two groups was in fact subject to change and difficult to maintain; that a substantial number of the "trekboers" were sympathetic to "Voortrekker" ideals and eventually associated themselves with the latter. Also included are a *verbatim* transcription of the letter to the Governor and an alphabetical list of signatories.

Blanke Afrikanerboere op die noordgrens van die Kaapkolonie, teenswoordig ongeveer die distrik Colesberg en omgewing, het goewerneur sir Benjamin D'Urban in Desember 1834 daarop gewys dat hulle nie grond besit nie en indien die regering hulle nie sou toelaat om noord van die Oranje grond in besit te neem nie, hulle hul van die regering en Kolonie sou losmaak en dan verplig sou wees om 'n onafhanklike bestaan in die Transoranje te voer. Hierdie manne was almal self-erkende "trekboere" wat ter wille van weiveld vir hulle vee lang rukke oorkant die grens vertoef het. Sommige van hulle het al bykans permanent in die Transoranje gewoon. Dié artikel toon aan dat, ondanks die bekende verskille in motiewe en lojaliteite tussen die "trekboere" en "Voortrekkers", hierdie onderskeid veranderlik en moeilik waarneembaar was; dat 'n stewige persentasie van die "trekboere" eintlik Voortrekkergesind was en hulself uiteindelik by laasgenoemde geskaar het. Verder word die versoekskrif tesame met die name van ondertekenaars hier *verbatim* weergegee.

'n Versoekskrif van 221 Afrikanerboere[1] aan die noordgrens van die Kaapkolonie, gedateer 5 Desember 1834, wat tesame met 'n naamlys in getranskribeerde vorm hieronder aangebied word, het in die verlede een of twee historici se aandag geniet, maar kon daarná deur minstens een latere navorser[2] nie weer in die Kaapse Staatsargiefbewaarplek teruggevind word nie. Skrywer hiervan het egter sowat tien jaar gelede hierdie versoekskrif, wat wyle prof. P.J. van der Merwe tereg as 'n "hoogs interessante dokument" bestempel het,[3] weer in die Kaapse Staatsargiefbewaarplek opgespoor. Die dokument is om meer as een rede van belang en die moeite werd om van naderby te bekyk.

Eerstens is dit so dat die versoekskrif belangrike inligting oor die skaarste aan grond op die noordgrens weergee en eweneens die drukgang laat blyk waarin die Kaapse trekboere hulself bevind het. Tweedens bevat die lys die name van persone wat later 'n belangrike rol in die Groot Trek gespeel het, bv. dié van Sarel Cilliers wat as een van die hoofondertekenaars figureer. Derdens: die inhoud van die brief weerspieël sekere redes waarom hierdie boere die Kolonie verlaat het en versoek die Kaapse regering se toestemming om grond in die Transoranje te bewoon. Die dramatiese wending in die brief kom net hierna waar verklaar word dat as die regering dit nie wil of kan toelaat nie, hulle hul dan van die Britse regering sal moet **los skeur** om op hul eie in die binneland te gaan woon. Hierdie woorde is veral betekenisvol as in gedagte gehou word dat dit op die vooraand van die Groot Trek uitgespreek is.

Die gedagte om hulle heeltemal van die Britse regering los te maak, is betekenisvol omdat dit presies aandui hoe broos die verskille tussen die trekboere en Voortrekkers was. Maar laat ons oor laasgenoemde eers na die volgende agtergrond kyk.

Historici, genealoë en ander belangstellendes sal van die onderskeid tussen 'n trekboer en Voortrekker bewus wees. Trekboere was blanke Afrikanerveeboere wat gedurende die 18de en 19de eeu as gevolg van ekonomiese redes en droogtes geleidelik oos- en noordooswaarts beweeg het en selfs noord van die Oranjerivier in die Transoranje met hulle vee gaan woon het. Mettertyd het hulle hul permanent daar gevestig, hoewel heelwat van hulle nog kerklike en ander bande met die Kaapkolonie behou het. Dit was die posisie in die vroeë jare dertig op die vooraand van die Groot Trek toe die uitbreiding van die trekboere steeds aan die gang was. Die benaming Voortrekkers word gebruik vir hoofsaaklik Afrikaanssprekende blanke oos- en noordoosgrensboere en eweneens 'n beduidende klompie Wes-Kaapse boere wat gedurende die jare 1835-1838 en enkele jare daarná in 'n skielike massa-emigrasie en vanweë ekonomiese én sosiaal-politieke motiewe in groot geselskappe of as familietrekke die Kolonie verlaat het met die bedoeling om nie weer terug te keer nie en om alle bande met die Britse regering te verbreek. Die algemene roete van die Voortrekkers was deur die Transoranje waar tientalle trekboergesinne reeds gewoon het. 'n Beduidende persentasie van die trekboergesinne in die Transoranje het in hierdie jare by die Voortrekkers aangesluit en verder na Natal getrek. Sommige Voortrekkers het weer by die Transoranje-trekboere aangesluit, of dan wel later met die terugtrek uit Natal (die sogenaamde tweede

---

KAB, CO 4361 Arrear Memorials received: Hendrik Badenhorst en 220 ander Graaff-Reinetse boere - B. D'Urban, 5/12/1834, ongenommer.

P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers* (Johannesburg, 1987), p. 56. Laasgenoemde skrywer het eintlik na 'n versoekskrif gesoek waarvan Sarel Cilliers melding gemaak het, maar heel begryplik nie besef nie dat dit die versoekskrif is waarna prof. P.J. van der Merwe in sy boek verwys het. Oor lg., kyk *Die noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek (1770-1842)* (Den Haag, 1937), pp. 329-331.

3. P.J. van der Merwe, *Die noordwaartse beweging*, p. 329.

trek) in die jare veertig onder die trekboere gaan woon. Daar het dus tussen Voortrekkers en trekboere 'n redelike mate van vermenging en samesmelting plaasgevind wat nie in dokumente vandag onderskei kan word nie. En al sou 'n mens die trekboere nog kon identifiseer en redeneer dat hulle nie in 'n lys van Voortrekkers tuishoort nie vanweë hulle andersoortige beweegredes vir migrasie en miskien omdat hulle sekere bande met die Kolonie wou behou, is dit vandag uiters moeilik om te bepaal of 'n besondere "trekboer" nie tog dieselfde belewenisse en dryfvere as sy Voortrekker-eweknie gehad het nie. Selfs nadat die Groot Trek jare aan die gang was, sou daar nog Afrikaanse boere om suiwer ekonomiese redes na die Transoranje en verder verhuis. Veral laasgenoemde groep is totaal onmoontlik van "opregte" Voortrekkers te onderskei. Dit is goed en wel om bogenoemde breë verskille tussen die trekboere en Voortrekkers te tref, maar dis bykans onmoontlik om hierdie onderskeid met 'n werklike lys van name te kwalifiseer!

'n Ontleding van die persone wat in die naamlys onderaan bogenoemde versoekskrif voorkom én wat genealogies geïdentifiseer kan word, bring aan die lig dat naasteby veertig persent van hierdie "trekboere" redelik gou of later "Voortrekkers" geword het.[4] Hoe gou of maklik sommige van hulle kort na die datum van die versoekskrif tot Voortrekker-ideale "bekeer" is, word verder geïllustreer deur 'n paar persone wat in 1835 by Voortrekkerleiers Johannes Jacobus Janse van Rensburg (Lang Hans) en A.H. Potgieter aangesluit het en nog op hierdie Desember 1834-lys as trekboere voorkom. Trouens, Lang Hans van Rensburg self en verskeie van sy familie wat hom op sy noodlottige tog vergesel het, het die onderstaande trekboerlys onderteken!

Hierdie delikate onderskeid tussen trekboer en Voortrekker en hoe vinnig eersgenoemde groep na die Voortrekkerkamp kon "oorloop", is alreeds deur die tydgenootlike siviele kommissaris van Colesberg, Fleetwood Rawstorne, waargeneem. In Maart 1838 rapporteer hy dat daar nou na 'n kwaai droogte goeie reën in die Winterveld-wyk geval het en dat die veld mooi herstel het. Nieteenstaande dit het die boere wat na oorkant die grens vir weiveld uitgewyk het, nie teruggekeer nie, en — gaan Rawstorne voort — "I have to fear that this continued absence has other motives then that to which its originally might have been attributed and must be connected more or less with those ideas which have led so many of the Inhabitants to emigrate from the Colony."[5]

Om die identifikasie tussen trekboere en Voortrekkers nog verder te kompliseer, het Rawstorne 'n paar maande later laat blyk dat 'n faksie van die noordgrensboere binne die grense van die Kolonie en ook 'n groep onder die trekboere in die Transoranje by die Voortrekkers sou aansluit indien laasgenoemde sou besluit om liewer voor Dingane se Zulu die wyk te neem en op hul spore terug van Natal na die Transoranje te retireer. Rawstorne sê dus feitlik in soveel woorde dat die Voortrekker-gesinde trekboere op daardie oomblik (Junie 1838) nog baie moeilik van die "gewone" trekboere onderskei kon word, maar dat 'n beduidende persentasie van hulle hul toe reeds met die Voortrekkerideale vereenselwig het.[6] Die versoekskrif ter sprake is oorspronklik in Nederlands opgestel, maar omdat die Engelse

4. Daar is probeer om elkeen van die persone in die naamlys te identifiseer, maar dit was net by sommige moontlik vanweë onvolledige besonderhede. Die geïdentifiseerde persone is met 'n lys van Voortrekkers vergelyk om vas te stel of hulle toe wel Voortrekkers geword het. Laasgenoemde lys ("Voortrekker-stamouers") is deur skrywer opgestel en is nog nie gepubliseer nie.

5. KAB, LG 194 Letters received from Civil Commissioner Colesberg: F. Rawstorne - Acting Secretary, 31/3/1838, pp. 65-72 en veral pp. 66-67.

6. KAB, LG 194 Letters received from Civil Commissioner Colesberg: F. Rawstorne - H. Hudson, ?/6/1838, pp. 106-110.

weergawe daarvan onderteken is, het ek dit as die amptelike en finale teks beskou. Dit lui *verbatim* soos volg:[7]

> "To His Excellency Major General the Honorable Sir Benjamin D'Urban Governor and Commander in Chief of the Colony of the Cape of Good Hope.
>
> The memorial of the undersigned graziers in the District of Graaff-Reinet humbly sheweth. That your Excellency's Memt. are all graziers more or less possessed of flocks of sheep and goats and herds of large cattle, which were at first acquired by that desire that every man has of possessing property and which have since increased by industry and care consequently now affording them the means of subsistance [*sic*] and insuring an honorable maintenance to their families.
>
> That notwithstanding this memorialists are [*sic*] none of them possessed of any land within the Colony and have consequently migrated from the same owing to extensive droughts in prevailance amongst them from time to time with a view of retaining possession of their lawfully acquired and in many cases hard earned property.
>
> That the late long and severe drought (which has been but partially removed by a few showers of rain falling every [*sic*] here and there) had again obliged memorialists to have resource to migration over the boundaries in search of grass, when at a time when memst. considered it impossible to return to the Colony the Proclamation of your Excellency was issued and made known to them and memt. in consequence thereof (under severe penalties and punishments in case of refusal) ordered immediately to return into the Colony.
>
> That with a desire to convince your Excellency as the representative of the Home Government of their loyalty and obedience to the laws, they have complied with the said order, at the risk of losing all they possessed and their only means of subsistance [*sic*] — their flocks and cattle.
>
> That the partial rains which providentially fell have in some measure removed the just apprehension of memorialists, but memsts not being possessors of land as above stated, and the land of those possessing the same, being more than sufficiently stocked, memorialists are now brought to a state which requires immediate relief.
>
> That memorialists feel it their duty to assure your Excellency that in their migration they have always endeavoured to keep up good feeling with the Natives avoiding to occupy ground on which any of them possessed of cattle were settled by resorting to waste lands (and of which there certainly is an abundance) such lands as were unoccupied by any nation or tribe.
>
> That memorialists are aware that they are calumniously accused of the contrary but they deny such charges and most willingly court [?] an inquiry therein.
>
> Memorialists beg further to assure your Excellency that they never intended withdrawing themselves from the laws and protection of this respected Government but as they have no other means of subsistance [*sic*] than their cattle, by possessing which it becomes evident that they must have

Onnodige hoofletters by woorde is "genormaliseer"

land they most humbly pray that your Excellency and the Government of this Colony may be graciously pleased to direct them to some place where they may have land to subsist on and to remain under the laws and protection of this Government.

Memts. could point out more than sufficient unoccupied land for their purpose which land however is not within the boundaries of this Colony.

Memorialists beg in conclusion to state their firm hope that your Excellency will have it in power to comply with their request as memorialists will otherwise be forced to the only alternative that of tearing themselves from the protection of this Government (in doing which they are aware that they would be placed under great disadvantages as regards their good Government civilization and education of their offspring) [and] migrating to such parts w[h]ere they can at least live and join their feeble efforts in protecting themselves.

And Memorialists as in duty bound shall ever pray:

Colesberg, District of Graaff-Reinet 5th Decr. 1834".

Hierna volg die handtekeninge (volgorde soos in oorspronklike) van die sewe ondertekenaars wat die leiding geneem het, nl. Hendrik Badenhorst, G.J. Lindeque, C.J. Liebenberg, S.A. Cilliers, H. Andries du Toit, Pieter Erns Kruger en Johannes H. Viljoen. Vervolgens die woorde "For themselves and those whose names are here unto annexed" en dan die lys van ander ondertekenaars wat kennelik oorspronklike handtekeninge is. Die lys word eers voorafgegaan deur "Dit dient tot bewys dat wij ondergetekende geen verblyf of plaats binne de grensen heeft, dierhalven verzoek wij ook de gunst van het Gouvernement." Die eerste sewe ondertekenaars se name, soos hierbo genoem, is weer in die alfabetiese lys hieronder (deur my gealfabetiseer en genommer) opgeneem.

1 Badenhorst, Casper
2 Badenhorst, Cornelis
3 Badenhorst, Dirk Petrus Stephanus
4 Badenhorst, Hendrik [die eerste ondertekenaar van brief]
5 Badenhorst, Hendrik Johannes
6 Badenhorst, Jan
7 Bester, Andries
8 Bester, Arnoldus Johannes
9 Bester, Hendrik (A seun)
10 Bester, Jacobus Christiaan
11 Bester, Jacobus M.
12 Bester, Jacobus Nicolaas
13 Bester, L.J. (of D.J.)
14 Beukes, Barend Hendrik (?)
15 Beukes, Hendrik Gerhardus
16 Blignaut (?), Jan Hendrikus ("Jan H. Lieggennouwt")
17 Botes, D.M.
18 Botha, Johannes
19 Botha, Theunis
20 Botha, Theunis Johannes (T seun)

21 Botha, Willem
22 Breytenbach, C.J.
23 Bronkhorst, Rudolph Johannes (?)
24 Bronkhorst, Willem Johannes
25 Cilliers, S.A.
26 Claassen, Jacobus Gerhardus
27 Coetzee, Hendrik (die van baie onduidelik)
28 De Beer, David
29 De Beer, Joseph (of Jolop?)
30 De Beer, Matthys
31 De Beer, Piet
32 De Beer, Samuel
33 De Beer, Samuel
34 De Bruyn, Gysbert Gerhardus
35 De Meyer, J.P.
De Meyer, J.W.
37 De Meyer, O.A.
38 De Meyer, W.A.
39 De Villiers, P.C.
40 De Wet, Jacobus Ignatius
41 De Wet, Johannes M.K.
42 De Wet, Nicolaas J.
Dippenaar, Alwyn Jacobus
44 Du Preez, D.J.L.
45 Du Preez, J.L.V.H.
46 Du Preez, P.D.A.L. (of S?)
47 Du Preez, P.D.J.J.
48 Du Toit, Albertus Hendrik Adriaan
49 Du Toit, Francois Jacobus
50 Du Toit, H. Andries
51 Du Toit, Johannes
52 Du Toit, Johannes S.
53 Du Toit, Nicolaas Johannes
54 Du Toit, Po. Jacobus Petrus
55 Duvenage, A.C.
56 Duvenage, Barend C.
57 Duvenage, Hendrik
58 Duvenage, J.H.
59 Duvenage, Petrus Carolus Stephanus
60 Duvenage, Theunis J.
61 Erasmus, Lourens J.
62 Fourie, David (?)
63 Fourie, Stephanus
64 Grobbelaar, R.J.
65 Herbst, Abraham Johannes
66 Herbst, Andries Petrus
67 Herbst, Johannes
68 Herbst, Johannes Petrus

69 Herbst, M.H. (?)
70 Horn, Johannes Willem
71 Jacobs, Daniel J.J.
72 Jacobs, Willem J.S.
73 Joubert, G.D.
74 Joubert, J.J.
75 Joubert, Jan Cl. (Christoffel?)
76 Joubert, P.J.
77 Karelse, Hendrik J.J.
78 Karelse, Johannes
79 Kotzé, Abel Jacobus
80 Kotzé, Dirk Jacobus
81 Kroukamp, M.J.J.
82 Kruger, David J.K.
83 Kruger, Jacob Johannes
84 Kruger, Jan Tobias
85 Kruger, Johannes Diederik
86 Kruger, Johannes Lodewikus
87 Kruger, Maria Magdalena (weduwee)
88 Kruger, Pieter Ernst
89 Liebenberg, C.J.
90 Liebenberg, Coenraad H.
91 Liebenberg, Hendrik Frederik
92 Liebenberg, Stephanus Rudolph
93 Lindeque, G.J. (jr)
94 Lindeque, G.J. (senior)
95 Lubbe, Schalk Willem
96 Matthyssen, Johannes
97 Matthyssen, Valentyn
98 Meintjes, Albertus Jacobus
99 Meintjes, Schalk N.
100 Meintjes, Willem
101 Meintjes, Willem Jacobus Albertus
102 Nagel, Frederik
103 Nieman, Gideon Andries
104 Nieman, P.J.
105 Nieman, Willem A.
106 Oberholster, Michiel Adriaan
107 Olivier, D.J. (J seun)
108 Olivier, J.S. (J seun)
109 Oosthuizen, C.J.
110 Oosthuizen, J.J.
111 Opperman, C.J.
112 Opperman, Christiaan M.
113 Opperman, G.J. (Johannes seun)
114 Opperman, H.
115 Opperman, J.A.
116 Opperman, J.J.

117 Opperman, P.A.
118 Opperman, P.J.
119 Pienaar, A.J.
120 Pienaar, Abel J. (of T/F)
121 Pienaar, Andries
122 Pienaar, Jacob Arnoldus
123 Pienaar, Johannes Jacobus
124 Pienaar, P.A.
125 Pienaar, Petrus Johannes
126 Range, Johannes Justus
127 Roos Cornelis Johannes
128 Roos, Gysbertys Johannes
129 Roos, Jacobus Petrus
130 Roos, Johannes Gysbertus
131 Roos, Johannes Gysbertus sr
132 Schutte, J.H.
133 Smit, Samuel Jacobus
134 Snyman, Jacobus Theodorus
135 Snyman, P.C.
136 Soelderd (??), P.D. (of P.O.) (Js. seun)
137 Stiglingh, A.
138 Stiglingh, Salomon
139 Strauss, David
140 Strauss, David J.
141 Strauss, Hendrik Willem
142 Strauss, Johannes Matthias
143 Strydom, Johannes Petrus
144 Swanepoel, P.J.
145 Swanepoel, Pieter Andries Johannes
146 Van Aswegen, Hendrik
147 Van Aswegen, Henning
148 Van Aswegen, Isak (Isak seun)
149 Van Aswegen, Isak G.
150 Van den Berg, Ger(hardus) Jacobus
151 Van den Heever, Christiaan
152 Van den Heever, D.G.
153 Van den Heever, G.J.
154 Van den Heever, J.J.
155 Van den Heever, L.J.
156 Van den Heever, P.
157 Van Dyk, Joseph
158 Van Heerden, Carel C.
159 Van Heerden, Carel Sebastiaan
160 Van Heerden, Pieter J.
161 Van Heerden, Willem Schalk Jacobus
162 Van Heerden, Willem van S. Petrus
163 Van Niekerk, Jan (of net J?)
164 Van Rensburg, Johannes

165 Van Rensburg, Johannes Jacobus Jansen
166 Van Schalkwyk, Andries Christoffel
167 Van Schalkwyk, Cornelis Johannes
168 Van Schalkwyk, Ockert Dirk Jacobus
169 Van Schalkwyk, Ockert Johannes
170 Van Staden, Jacob
171 Van Staden, Jacobus H. (?)
172 Van Staden, Johannes H.
173 Van Staden, Marthinus J. (J seun)
174 Van Staden, Marthinus Js. (H seun)
175 Van Staden, Marthinus Js. (M seun)
176 Van Staden, Marthinus P.
Van Staden, Nicolaas H.
178 Van Staden, Petrus J.
179 Van Staden, Willem H.
180 Van Vuuren, Daniel Janse
181 Van Vuuren, H.L. Janse
182 Van Vuuren, R.J. Janse
183 Van Wyk, Cornmelis Johan Abraham
184 Van Wyk, J.K.
185 Van Wyk, Michiel Adriaan
186 Van Wyk, Roelof Petrus
187 Van Wyk, V.H.
188 Van Zyl, F.J.
189 Van Zyl, J.
190 Venter, Andries (of Hendrik?)
191 Venter, Frans
192 Venter, Gabriël ("Gaverel")
193 Venter, Hendrik
194 Venter, Hercules ("Herkulaas")
195 Venter, Jan
196 Venter, Jan
197 Venter, Jan (P seun)
198 Venter, Jan Albert
199 Venter, Jan Hendrik
200 Venter, Nicolaas
201 Venter, Piet
202 Venter, Piet (J seun)
203 Venter, Willem
204 Venter, Willem P.
205 Viljoen, Henning
206 Viljoen, Hercules Johannes (H seun)
207 Viljoen, J.H.
208 Viljoen, Johannes
209 Viljoen, Johannes
210 Viljoen, Johannes Markus
211 Viljoen, P.J.
212 Visagie, A. Lucas

213 Visser, V. (lg. moet waarskynlik 'n F vir Floris wees)
214 Visser, V. (moet eweneens 'n F wees?)
215 Visser, Floris
216 Visser, H.Y.
217 Visser, J.D.
218 Visser, Nicolaas ("Nieklaas")
219 Visser, P.J.
220 Visser, W.V. [W.F.?]
221 Vorster, Marthinus Christoffel